

## Het ons woorde krag?

### Inleiding

**Kenneth Copeland**, leier in die “*Word of Faith*” beweging, maak die volgende verklaring oor die Coronavirus:

*“Standing in the office of the prophet of God, I execute judgement on Covid19...I execute judgement on you Satan....it is finished over America, sayeth the Mighty Spirit...”* Sien: <https://www.youtube.com/watch?v=OSlRQBGFUtw>.

In dieselfde trant word die volgende op 'n whatsapp oor die virus uitgespreek:

*“I curse you...I speak death and failure...shrivel up and die...get out of the bodies of the human race...I command you...you will not prosper...”*

### Ons woorde het nie krag nie; ons woorde het invloed.

Iets wat aanleiding gee tot hierdie idee dat ons kan hiet en gebied, is die feit dat sommige glo dat ons woorde skeppende krag het. Omdat daar in Genesis gesê word dat God woorde gebruik het om die wêreld te skep, maak sommige die afleiding dat ons woorde ook krag moet hê. Dit is nie omdat woorde krag het dat die aarde geskep is nie, dit **is omdat dit God se Woorde was!**

**Wat van Spreuke 18:21 ?** : *“Die tong het mag oor die dood en lewe.”* Die konteks verduidelik wat hierdie vers eintlik beteken – ‘n mens se woorde druk jou **gesindheid ten opsigte van die lewe en mense uit.**

Ons weet watter skade deur die woorde van ‘n negatiewe skindertong aangerig kan word. Dit is die negatiewe gees van die persoon wat deur sy negatiewe woorde uitgedruk word. Wanneer Jakobus waarsku dat die tong ‘n *“rustelose kwaad, vol dodelike gif”* is, praat hy van die tong wat van ander mense kwaad praat (**Jak. 3:8-9**).

**Ons woorde het nie skeppende krag nie – ons woorde het positiewe of negatiewe invloed; dit kan “dood” of “lewe,” figuurlik gesproke, veroorsaak.** Sien **Spreuke 17:22**:

*“‘n Vrolike mens is ‘n gesonde mens, ‘n neerslagtige mens word uitgeput.”*

Dit is ook ‘n mediese feit dat ‘n kroniese negatiewe en verbitterde gesindheid skadelike chemiese stowwe in die liggaam kan vrystel wat ‘n mens se gesondheid kan beïnvloed, wat ook letterlik ernstige gesondheidsprobleme kan veroorsaak, selfs tot die dood toe.

In die konteks is dit ook moontlik dat **Spreuke 18:21** kan verwys na wat kan gebeur as daar in Bybelse tyd die gesag van die koning uitgedaag word:

*“Die dreiging **van die koning** is soos die gebrom van ‘n jong leeu; **wie hom vertoorn, verbeur sy lewe**” (Spr. 20:2).*

**Wat van die bind van Satan en demone?**

Daar bestaan 'n baie algemene konsep dat Satan en sy demone gebind kan word. As daar enige krag in hierdie gebindery was, moes Suid-Afrika al 'n Utopiese land gewees het deur die gebindery van bose magte wat al deur die jare deur Christene gedoen is! Die Woord verklaar egter dat net God die duiwel kan bind en dat hy toegelaat word om die god van hierdie wêreld te wees totdat hy eendag deur God self gebind en in die poel van vuur gewerp gaan word (**1 Joh. 5:19, Open. 20**).

Maar sê die Bybel nie dat ons demone kan bind nie? Weer sien ons hoe 'n skrif wat verkeerd geïnterpreteer word, misleiding veroorsaak. Die Amplified Bible help ons om **Matteus 18:18** reg te verstaan:

*“Truly, I tell you, whatever you forbid and declare to be improper and unlawful on earth must be what is already forbidden in heaven, and whatever you permit and declare proper and lawful on earth must already be permitted in heaven”.*

As daar na die konteks van hierdie gedeelte gekyk word, word dit duidelik dat die bespreking niks met die binding van geeste te doen het nie, maar dat dit betrekking het op die manier hoe geskille tussen gelowiges in die gemeente gehanteer moet word. Dit moet volgens hemelse beginsels geskied.

#### **Wat van die bind van die sterk man in Matteus 12:22-29?**

Hierdie stuk gaan oor die Fariseërs wat Jesus daarvan beskuldig dat Hy duiwels uitdryf deur van die krag van die duiwel gebruik te maak. Weereens sien ons dat die antwoord in die konteks lê; omdat Jesus sterker is as Beëlsebul, kan Hy die “sterk man” se huis binnegaan en dié wat onder sy mag is, vrylaat. Die hele stuk bevat geen lering oor hoe gelowiges demone moet bind nie! Dit gaan alles oor Jesus en die mag wat Hy oor Satan het.

As Satan gebind kan word, hoekom verklaar Petrus en Jakobus nie dat ons hom net moet bind nie? Ons moet hom egter weerstaan:

*“...julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle **teëstaan**, standvastig in die geloof...” (1 Pet. 5:8-9).*

*“Onderwerp julle dan aan God; **weerstaan die duiwel**, en hy sal van julle wegvlug” (Jak.4:7).*

As Satan en demone gebind kan word, hoekom word daar betreffende ons geestelike wapenrusting, nie 'n woord van “bindery” gesê nie? (**Ef. 6:10**).

As Jesus die duiwel in **Matteus 12:24-29** gebind het, moet daar verduidelik word hoe hy losgekam het dat Jesus hom weer moes berispe en wegjaag toe hy Petrus later probeer

versoek het (**Matt. 16:23**). Hy, Satan, was ook los genoeg om in Judas Iskariot in te vaar om Jesus te verrai (**Luk. 22:3**). Ook, as die duiwel gebind kan word, waarom vind Petrus en Jakobus dit nodig om gelowiges te waarsku om hom te weerstaan? Hoekom leer hulle Christene nie net om hom te bind nie? (**1 Pet. 5:8-9; Jak. 4:7**). En hoekom het Jesus die duiwel nie gebind tydens sy versoeking in die woestyn nie (**Matt. 4**)? Waarom, in plaas daarvan om die demone te bind wat Hy uit twee besetenes uit gedryf het, het Hy hulle toegelaat om in die varke in te vaar (**Matt. 8:30-31**)? Hoekom het Jesus gewaarsku dat as 'n onreine gees uit 'n mens uitgaan en sekere voorwaardes nie nagekom word nie, die demoon saam met ander geeste na dieselfde persoon kan terugkeer (**Luk. 11:24-26**).

### Het ons 'n mandaat om Satan en demone te vervloek?

Ons hoor gereeld, soos die voorbeelde wat ek reeds genoem het, hoe predikers en Christene Satan en sy demone "curse." 'n Bekende prediker verklaar op 'n groot byeenkoms: "God gave me a mandate to say to Satan, 'This far and no further!' " Hy verklaar dat hy 'n mandaat het wat die aartsengel Migael nie eers gehad het nie! Sien:

*"Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordstryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!" (Jud. 1:9).*

### Tekens van die Tye?

Is siektes soos vigs en die Corona virus nie miskien van die pessiëktes wat vir die eindtye voorspel word nie? Ons moet versigtig wees dat ons nie miskien dinge "curse" wat in die Bybel as tekens van die eindtye voorspel word nie. Daaroor het die mens geen gesag nie.

*"En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. ...Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte" (Matt. 24:4-8, my klem).*

### Slotsom

Opgewondenheid wat opgewek word deur subjektiewe lering wat op foutiewe Bybeluitleg gebaseer is, kan tot ontnugtering lei omdat valse verwagtinge nie vervul word nie. In plaas daarvan dat daar klem gelê word op die feit dat sonde die wortel oorsaak van baie probleme is en dat die sondige natuur van die mens Satan se grootse bondgenoot is, word die blaam op die werking van bose magte geplaas. Die Bybelse antwoord lê daarin dat die sondaar volle verantwoordelikheid vir sy eie sonde moet neem, dit bely en tot bekering kom.

**Nick Maartens,**

**Jeffreysbaai, 0827826074**

**E-pos: [nickmaartens@hotmail.com](mailto:nickmaartens@hotmail.com)**